Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 12 APRIL 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl M van Zyl open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERESKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 FEBRUARIE 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 Februarie 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 22 MAART 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Maart 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen

6. MAANDVERSLAG TEN OPSIGTE VAN FEBRUARIE 2017

6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder sowel as die SDBIP vir die tydperk Februarie 2017.

6.2 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Februarie 2017.

6.3 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir die tydperk Februarie 2017:

BESLUIT VERDER

(b) Dat kennis geneem word van die mededeling deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha, dat daar reeds in gesprek getree is met die Weskus Distriksmunisipaliteit (mnre Scott en De Jongh) aangaande die onreëlmatigheid in die rioolmonsters wat geneem word;

(c) Dat kennis geneem word – soos meegedeel deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha – dat daar ‘n dispuut met Departement van Openbare Werke verklaar is insake die wysiging van die EPWP-ooreenkoms met Swartland Munisipaliteit deurdat die teiken van werksgeleenthede wat geskep moet word eensydig vermeerder is na 348;

(d) Dat, na aanleiding van die Munisipale Bestuurder se kommer aangaande die gebrek aan erns waarmee die Departement van Waterwese die waterkrisis benader, opdrag aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gegee word om in gesprek te tree met mnr J Roberts van vermelde departement om vroegtydig met prosesse te begin om toegang tot die 18% (waarvan slegs 8% drinkbare water is) water in die Voëlvleidam te verkry wat agter die rif is, en na die pompstelsel op welke wyse ookal, gelei moet word.

6.4 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Februarie 2017.

6.5 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk Februarie 2017.

6.6/...

6.6 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.6.1 PRESTASIEVERSLAG
6.6.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS
6.6.3 BRANDWEERDIENS

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste, Verkeer- en Wetstoepassingsdiens asook die Brandweerdiens vir die tydperk Februarie 2017;

BESLUIT VERDER

(b) Dat – in opdrag van die Munisipale Bestuurder – die Direkteur: Beskermingsdienste terugvoering aan die komitee gee aangaande die prosedures wat Stad Kaapstad volg om ingevolge die Skutverordening met rondloper diere wat na die Atlantis-skut deur Swartland Munisipaliteit geneem word, te handel.

6.7 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Februarie 2017.

7. NUWE SAKE

7.1 (A) WYSIGING VAN DIE BELEIDE INSAKE KAPITAALONTWIKKELING-BYDRAES, (B) VASSTELLING VAN KAPITAALONTWIKKELINGBYDRAES VIR 2017/2018 (15/1/B)

Swartland Munisipaliteit beskik oor drie beleide ingevolge waarvan kapitaal-ontwikkelingsbydraes gehef word, naamlik:

(1) Meesterplan vir toekomstige ontwikkelings in Malmesbury, die sogenaamde “Green Fields Development Policy”;
(2) Ontwikkelingsbydrae-beleid vir die Riebeek Vallei;
(3) Beleid vir kapitaalbydraes vir grootmaatdienste, die sogenaamde “Brown Fields Policy”.

Sedert die ontwikkeling van voormelde beleide is daar nuwe grondgebruik-beplanningswetgewing en -verordening afgekondig wat ’n effek het op die bepaling van bydraes.

Die betrokke departemente het ’n aanvang geneem om ’n Ontwikkelingheffingsbeleid vir die Swartland op te stel, maar is dit ’n omvattende proses wat, onder andere, die opgradering van meesterplanne vir ingenieursdienste, die ontwikkeling van nuwe groeimodelle vir alle dorpe, die bepaling van die basis waarop ontwikkelingheffings bereken sal word, en so meer behels.

BESLUIT

(a) Dat in die onderskeie beleide wat handel oor kapitaalontwikkelingbydraes, alle verwysings na die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (LUPO) Nr 15 van 1985, met spesifieke verwysing na artikel 42, vervang word met verwysings na die volgende toepaslike afdelings:

(i) Wet op Grondgebruikbeplanning, Wet Nr 3 van 2014, artikel 40;
(ii) Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning, PK 7741 van 2017, paragrawe 92 en 93;

7.1/...

(b) Dat kennis geneem word van die proses om 'n nuwe Kapitaalontwikkeling-heffingsbeleid op te stel en die gepaardgaande opgradering van groeimodelle en meesterplanne om as basis te gebruik vir die berekening van bydraes vir implementering met ingang van 1 Julie 2018;

(c) Dat die bestaande besluit insake die vrystelling van betaling van kapitaalbydraes op ontwikkelings van 100m² en kleiner aan ondernemings en nywerhede in die Riebeek Vallei, ten opsigte van die 2017/18 finansiële jaar bevestig word;

(d) Dat werklike koste kapitaalbydraes van toepassing sal wees op alle ontwikkelings, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste;

(e) Dat die aangehegte kapitaalontwikkelingbydraes vir die 2017/18 finansiële jaar goedgekeur word:

(i) "Greenfields"-kapitaalontwikkelingbydraes - Malmesbury (Bylaag "A");
(ii) "Brownfields"-kapitaalontwikkelingbydraes - Swartland Munisipale Gebied (Bylae "B");
(iii) Kapitaalontwikkelingbydraes – Riebeek Vallei (Bylae "C");

(f) Dat ’n korting van 40% op bogenoemde kapitaalontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2017/18 finansiële jaar toegestaan word, om die volgende redes:
(i) Om te dien as 'n aansporing om ontwikkeling te bevorder en belegging te lok;
(ii) Weens die feit dat, tot tyd en wyl die nuwe Kapitaalontwikkelingheffingsbeleid geïmplementeer word, die berekening van kapitaalontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide nie in ooreenstemming is met nuwe wetgewende voorskrifte nie;

(g) Dat ontwikkelaars ’n ooreenkoms met die Munisipaliteit moet aangaan met betrekking tot die betaling van kapitaalontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide;

(h) Dat kennis geneem word dat weens die unieke en spesifieke ontwikkelings-uitdagings wat in Yzerfontein ondervind word, daar vir die interim ’n Kapitaalontwikkelingheffingsbeleid van toepassing op Yzerfontein ontwikkel is, en dat die beleid van krag sal bly totdat ’n soortgelyke beleid vir die Swartland goedgekeur word [sien aparte verslag in hierdie verband].

7.2 GOEDKEURING VAN ONTWIKKELINGHEFFINGSBELEID VIR YZERFONTEIN (15/1/B)

Die Ontwikkelingheffingsbeleid vir Yzerfontein is opgestel ingevolge die nuwe grondgebruikbeplanningswetgewing (LUPA en SPLUMA), asook die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 gedateer 7 Maart 2017).

Oor die afgelope tydperk is daar ’n wesenlike aanvraag in ontwikkelings buite die stedelike randgebied van Yzerfontein, en is kapitaalontwikkelingbydraes wat bereken is ingevolge die bestaande “Brownfields Beleid” nie voldoende om voorsiening te maak vir grootmaat ingenieursdienste vir Yzerfontein nie.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste is gevolglik genoop om nuwe ontwikkelingheffings te bereken vir Yzerfontein ingevolge die nuwe toepaslike grondgebruikbeplanningswetgewing en –verordening.

Besluit

7.2/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die nuwe ontwikkelingsheffings vir Yzerfontein bereken is deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste in lyn met die nuwe grondgebruikbeplannings-wetgewing;

(b) Dat verder kennis geneem word dat daar ’n aanvang geneem is om nuwe ontwikkelingheffings vir die res van die Swartland munisipale gebied ingevolge die nuwe grondgebruikbeplanningswetgewing te bereken;

(c) Dat die aangehegte Ontwikkelingheffingsbeleid vir Yzerfontein deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur word vir implementering met ingang van 1 Julie 2017;

(d) Dat goedkeuring verleen word dat die status quo ten opsigte van die toepassing van die bestaande “Greenfields-”, “Brownfields-” en Riebeek Vallei-beleide gehandhaaf word tot tyd en wyl ’n nuwe Ontwikkelingheffings-beleid vir die res van die Swartland munisipale area aanvaar word;

(e) Dat die 40% afslag steeds sal geld ingevolge UBK-besluit 7.4 van 11 Mei 2016 vir die 2017/2018 finansiële jaar.

7.3 HUUR VAN STOORRUIMTE TE MALMESBURY (12/1/2-6/2)

Die huur van stoorruimte te Malmesbury vanaf Bester Familietrust is op 22 Maart 2017 deur die komitee goedgekeur. Lg. het egter aangedui dat die huurbedrag R1050.00 per maand sal beloop en nie R880.00 soos goedgekeur nie.

BESLUIT

Dat kondonasie verleen word vir die aangaan van die huurooreenkoms met Bester Familietrust teen die verhoogde tarief van R1050.00 per maand.

7.4 TOERUSTING OP KLIPKOPPIE, MALMESBURY: CORNERGATE TECHNOLOGIES (6/2/3/1/2)

Die internet-diensverskaffer, *Cornergate Technologies*, bedryf *Wireless* Netwerk-toerusting vanaf die Klipkoppie, Malmesbury. ’n Huurooreenkoms bestaan in hierdie verband wat op 30 Maart 2017 verstryk het.

Sedert die goedkeuring van die vorige huurooreenkoms het die huurder sy eie mas opgerig, en die betrokke toerusting is wesenlik uitgebrei.

Die voorsitter noem dat diensverskaffers aangemoedig moet word om van optiese vesel gebruik te maak, aangesien die bandwydte al hoe minder raak wat die proses van kommunikasie bemoeilik. Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat dit ’n wesenlike probleem raak dat seine wat vanaf die Klipkoppie uitgestuur word verstrengel raak.

Die voorsitter versoek dat met nuwe ontwikkelings,’n bykomende kabel gelê word om voorsiening te maak vir optiese vesel wat op ’n latere stadium deurgetrek kan word.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring aan *Cornergate Technologies* verleen word vir die bedryf van ’n *Wireless* Netwerk op die Klipkoppie, Malmesbury vir ’n verdere termyn van drie (3) jaar;

(b) Dat die huurgeld verhoog word na R1 500.00 plus BTW, per maand, om die wesenlike uitbreiding van toerusting betrokke te reflekteer;

7.4/...

(c) Dat die huurgeld jaarliks met 8% sal eskaleer;

(d) Dat die huurvoorwaardes in oorleg met Senior Bestuurder: Inligting- en Kommunikasietegnologie hersien word.

7.5 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JANUARIE TOT 31 MAART 2017 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-Regulasies bepaal dat daar op ‘n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsienings-kanaalbeleid se implementering vir die periode 1 Januarie tot 31 Maart 2017, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot ‘n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid (Bylae D).

7.6 UITSTAANDE DEBITEURE – MAART 2017 (5/7/1/1/MY)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Maart 2017.

7.7 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Maart 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER